

## Finansiële Oplossings vir Besigheidseienaars



### MOET 'n DIENSKONTRAK ONDERTEKEN WORD?

**Vraag:** Is 'n dienskontrak wat nie onderteken is nie, enigsins geldig?

**Antwoord:** Die geldigheid van 'n dienskontrak hang nie daarvan af of die partye dit onderteken het nie. 'n Mondelinge ooreenkoms kan ook geldig wees.

**Kort verduideliking:** Die proses vir die vestiging van 'n diensverhouding word gewoonlik begin wanneer 'n voornemende werkgewer aanbied om 'n voornemende werknemer teen 'n bepaalde koers te vergoed vir die beskikbaarstelling van sy of haar dienste van 'n bepaalde datum af aan. 'n Ooreenkoms kom tot stand wanneer die werknemer die aanbod aanvaar. Dit kan in die vorm van 'n gesprek geskied. Die gewone gemeenregtelike vereistes ten opsigte van kontrakte in die algemeen geld ook vir 'n dienskontrak.

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD) vereis nie van die partye om 'n dienskontrak te onderteken nie. Hoewel dit beter is om 'n ondertekende kontrak te hê, vereis die WBD slegs dat die werkgewer die werknemer skriftelik van diensbesonderhede moet voorsien wanneer die werknemer in diens tree. Daar is 16 sodanige items wat gedek moet word – sien Artikel 29 van die WBD. As hierdie besonderhede nie voorsien word nie, maak dit egter nie die dienskontrak ongeldig nie.

Die beste manier om sekerheid te bekom en dispute te vermy, is vir beide partye om 'n dienskontrak te onderteken voordat die diens 'n aanvang neem. Waar 'n werknemer egter reeds begin werk het en weier om 'n dienskontrak te onderteken, of om vir ontvangs van die skriftelike besonderhede te teken, sal dit voldoende wees as die werkgewer die skriftelike besonderhede in die teenwoordigheid van 'n getuie verduidelik, 'n afskrif daarvan aan die werknemer oorhandig en dan saam met die getuie skriftelik bevestig dat dit gedoen is. Daar is omstandighede waaronder 'n werkgewer stappe teen 'n werknemer kan neem wat weier om 'n kontrak te onderteken, maar dit is uitsonderlik (sien vorige artikel "Weiering om 'n kontrak te onderteken").

*Artikel geskryf deur Jan Truter van Labourwise*

[www.labourwise.co.za](http://www.labourwise.co.za) is 'n aanlyn arbeidsbetrekkingsdiens wat ten doel het om werkgewers met die inwerkingstelling van doeltreffende arbeidsbetrekkings van hulp te wees. Hulle kan via die webtuiste of by [info@labourwise.co.za](mailto:info@labourwise.co.za) gekontak word.